# ATKV-betrekkings

## ATKV-hoofkantoor

## Rekenmeester

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie en het ’n vakature vir ’n professionele, analitiese en resultaatgerigte rekenmeester om by die finansiële afdeling by die ATKV-hoofkantoor in Randburg aan te sluit.

Die rekenmeester is verantwoordelik vir die akkurate verwerking en rekonsiliasie van finansiële inligting, die uitvoer van maandafsluitings, vaste bates bestuur, belasting, balansstaatrekonsiliasies en statutêre verslagdoening, asook die handhawing van sterk interne beheermaatreëls en voldoening aan toepaslike rekeningkundige standaarde.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensningsbeleid.

**Vernaamste verantwoordelikhede:**

**Maand-en jaareindafsluitings**

- Uitvoer van maandafsluitingsprosesse en grootboekjoernale.
- Opstel en verwerking van voorsienings-, amortisasie- en ander sluitingsjoernale.
- Rekonsiliasie van balansstaatsrekeninge en ondersoek van afwykings.
- Verseker die integriteit van finansiële data en grootboekrekeninge.

**Krediteure, debiteure en kontantbestuur**

- Rekonsiliasie en bestuur van krediteure- en debiteurerekeninge.
- Hersiening van betalings en banktransaksies.
- Bestuur van bank-, kredietkaart- en debietorderadministrasie.
- Monitering van kontantvloei en verwante rekonsiliasies.

**Vaste bates**

- Instandhouding van die vastebateregister vir rekeningkundige en belastingdoeleindes.
- Berekening van waardevermindering en bestuur van kapitalisering van projekte in proses.
- Koördinering van periodieke batetellings.
- Evaluering van nuttige lewensduur, reswaarde en ander rekeningkundige aannames.

**Belasting**

- Ondersteuning met belastingnakoming en statutêre vereistes en indienings.

**Finansiële verslagdoening**

- Opstel van jaarlikse finansiële state.
- Ondersteuning van die jaarlikse eksterne ouditproses.
- Voorbereiding van ouditdokumentasie en rekonsiliasies.
- Indiening van Statistiek Suid-Afrika-opgawes.
- Ondersteuning van begrotings- en finansiële projeksieprosesse.

**Interne beheer, nakoming en ondersteuning**

- Verseker voldoening aan IFRS, interne beleide en finansiële beheermaatreëls.
- Identifisering en aanspreek van finansiële risiko’s.
- Deurlopende verbetering van finansiële prosesse en stelsels.
- Bystand met finansiële navrae vanaf operasionele afdelings.

**Minimum vereistes:**

- BCom-graad in rekeningkunde.
- SAIPA-gekwalifiseerd.
- Ten minste 5 jaar toepaslike ervaring as rekenmeester.
- Goeie kennis van IFRS vir SME’s.
- Ervaring met vaste bates, belasting, finansiële state, ouditvoorbereiding en balansstaatsrekonsiliasies.
- Sterk kennis van Microsoft Excel en die Microsoft Office-pakket.
- Ervaring met ’n ERP- of finansiële stelsel.
- Kennis van CaseWare Financial Statements-sagteware.
- Goeie taalvaardigheid en kommunikasievermoë in Afrikaans en Engels.

As jy graag hierdie pos wil beklee, stuur jou volledige CV na:

ATKV-betrekkings by betrekkings@atkv.org.za
Sluitingsdatum: **14 September 2026** voor **12:00.**
Gebruik asseblief **HKFIN03** as verwysing.

**Indien jy 4 weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.**

www.atkv.org.za ATKVSA ATKV_SA @ATKVSA

ATKV